All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, P.O. Box 892, Pretoria.

G. P. NEL,  
Director of Local Government.

Pretoria,  
3rd June, 1970.

NOTICE 372 OF 1970.

PROPOSED ESTABLISHMENT OF VAN RIEBEECK-  
PARK (PREVIOUSLY LANDERMERE) TOWNSHIP.

By Notice No. 157 of 1969, the establishment of Van Riebeeckpark (previously Landermere) Township, on the farm Zuurfontein No. 33-I.R., district Kempton Park was advertised.

Since then an amended plan has been received by virtue of which the layout has been altered by increasing the township area.

The application together with the relative plans, documents and information, is open for inspection, at the office of the Director, Room 215, 2nd floor, Block B, Provincial Building, Pretoria, for a period of eight weeks from the date hereof.

In terms of section 58(5) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate in writing with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the *Provincial Gazette*.

All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, P.O. Box 892, Pretoria.

G. P. NEL,  
Director of Local Government.

Pretoria,  
3 and 10/6/1970.

KENNISGEWING 371 VAN 1970.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORP WIT-  
POORTJE UITBREIDING 3.

Ingevolge artikel 58(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, word hierby bekend gemaak dat Coventry Motors Limited aansoek gedoen het om 'n dorp te stig op die Hoewes 23 tot 26, 73 en 74 van Culembeek, Landbouhoewes, distrik Roodepoort, wat bekend sal wees as Witpoortje Uitbreiding No. 3.

Die voorgestelde dorp lê noord-oos van en grens aan Quelleriestraat en suid-wes van en grens aan Borenstraat in Culembeek Landbouhoewes, net binne die grense van die Roodepoortse Munisipaliteit.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur Kamer 213, 2de Vloer, Blok B. Provinsiale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Ingevolge artikel 58(5) van genoemde Ordonnansie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die Provinsiale Koerant deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Posbus 892, Pretoria.

G. P. NEL,  
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria,  
3 Junie 1970.

KENNISGEWING 372 VAN 1970.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORP VAN  
RIEBEECKPARK (VOORHEEN LANDERMERE).

Onder Kennisgewing Nr. 157 van 1969 is 'n aansoek om die stigting van die Dorp Van Riebeeckpark (voorheen Landermere) op die plaas Zuurfontein No. 33-I.R., distrik Kempton Park geadverteer.

Sedertdien is 'n gewysigde plan ingedien waarkragtens die uitleg gewysig is deur die vergroting van die dorpsgebied.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur kamer 215, 2de vloer, Blok B, Provinsiale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Ingevolge artikel 58(5) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel.

Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die Provinsiale Koerant deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplikaat ingedien word en gerig word aan die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Posbus 892, Pretoria.

G. P. NEL,  
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria,  
3 en 10/6/1970.

## NOTICE 373 OF 1970.

## PROPOSED AMENDMENT OF THE CONDITIONS OF TITLE IN THE CONDITIONS OF ESTABLISHMENT OF ERF NO. 278, BRACKENHURST TOWNSHIP, DISTRICT ALBERTON.

It is hereby notified that application has been made by Afrodite Enterprises (Proprietary) Limited in terms of section 3(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, for the amendment of the conditions of title in the conditions of establishment of Erf No. 278, Brackenhurst township, proclaimed by Administrator's Proclamation No. 127 of 1968, as amended by Administrator's Proclamation No. 6 of 1969 to permit the erf being used for "General Residential purposes".

The application and the relative documents are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room 310, Block B, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Objections to the application may be lodged in writing with the Director of Local Government, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, on or before the 1st July 1970.

G. P. NEL,  
Director of Local Government.

Pretoria,  
26th May, 1970.

T.A.D. 8/2/513

## TENDERS

*N.B.*—Tenders previously published and where the closing dates have not yet passed, have not been repeated in this notice. Tenders are normally published 3-5 weeks before the closing date.

TRANSVAAL PROVINCIAL  
ADMINISTRATION.

## TENDERS.

Tenders are invited for the following services/supplies/sales. (Unless otherwise indicated in the description tenders are for supplies):—

<i>Tender No.</i> <i>Tender Nr.</i>	<i>Description of Tender</i> <i>Beskrywing van Tender</i>	<i>Closing Date</i> <i>Sluitingsdatum</i>
W.F.T.B. 410/70	Albertonse Hoërskool (Additions and alterations): Electrical installation. / (Aanbouing en veranderinge): Elektriese installasie. ....	3/7/1970
W.F.T.B. 411/70	Hoër Landbouskool Bekker, Magaliesburg: Erection of new gymnasium hall and laboratory. / Oprigting van nuwe gimnastieksaal en laboratorium. ....	3/7/1970
W.F.T.B. 412/70	Forest High School, Johannesburg: (Additions and alterations): Electrical installation. / Aanbouings en veranderinge): Elektriese installasie. ....	19/6/1970
W.F.T.B. 413/70	Germiston Hospital: Supply, delivery and erection of one 450 kVA standby diesel generator set. / Germiston-hospitaal: Verskaffing, aflewering en oprigting van een 450 KVA-hulpdieselontwikkelstel. ....	19/6/1970
W.F.T.B. 414/70	Johannesburg College of Education: Erection of new gymnasium. / Oprigting van nuwe gimnasium	3/7/1970
W.F.T.B. 415/70	King Edward VII High School, Johannesburg: Central heating. / Sentrale verwarming. ....	3/7/1970
W.F.T.B. 416/70	Lytelton Manor High School, Verwoerdburg: Alterations to the existing electrical installation. / Veranderinge aan die bestaande elektriese installasie. ....	19/6/1970
W.F.T.B. 417/70	Malvern West Primary School, Johannesburg: Electrical installation. / Elektriese installasie. ....	3/7/1970
W.F.T.B. 418/70	Malvern West Primary School, Johannesburg: Central heating. / Sentrale verwarming. ....	3/7/1970
W.F.T.B. 419/70	Melkrievierse Laerskool, Northern/Noord-Transvaal: Supply and installation of two 25 kVA diesel generating sets. / Verskaffing en installering van twee 25 kVA-dieselontwikkelstelle. ....	3/7/1970
W.F.T.B. 420/70	Pionier Primary School, Volksrust: (Additions and alterations): Electrical installation. / Laerskool Pionier, Volksrust: (Aanbouings en veranderinge): Elektriese installasie. ....	3/7/1970
W.F.T.B. 421/70	Rustenburg High School: Kruger Hostel: Renovation of old kitchen section. / Rustenburgse Hoërskool: Kruger-koshuis: Opknapping van ou kombuisafdeling. ....	19/6/1970
W.F.T.B. 422/70	Sir Edmund Hillary Primary School, Johannesburg: Re-building of school. / Herbou van skool.	3/7/1970
W.F.T.B. 423/70	Tweefontein Primary School (New School), district of Middelburg: Central heating. / Laerskool Tweefontein (Nuwe skool), distrik Middelburg: Sentrale verwarming. ....	3/7/1970
W.F.T.B. 424/70	Ventersdorp Hospital: Nurses' Home: Renovations. / Ventersdorp-hospitaal: Verpleegsterstehuis: Opknappings. ....	19/6/1970
R.F.T. 53/70	Diesel Mechanical Horses. / Dieselvoorhakkers. ....	24/7/1970

## KENNISGEWING 373 VAN 1970.

## VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE TITELVOORWAARDES IN DIE STIGTINGSVOORWAARDES VAN ERF NO. 278, DORP BRACKENHURST, DISTRIK ALBERTON.

Hierby word bekend gemaak dat „Afrodite Enterprises (Proprietary) Limited” ingevolge die bepalings van artikel 3(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, aansoek gedoen het om die wysiging van die titelvoorwaardes in die stigtingsvoorwaardes ten opsigte van Erf No. 278 van die dorp Brackenhurst afgekondig by Administrateursproklamasie No. 127 van 1968 soos gewysig deur Administrateursproklamasie No. 6 van 1969 ten einde dit moontlik te maak dat die erf vir „Algemene Woondoeleindes” gebruik kan word.

Die aansoek en die betrokke dokumente lê ter insae in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B310, Blok B, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria.

Besware teen die aansoek kan op of voor 1 Julie 1970 skriftelik by die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, ingedien word.

G. P. NEL,  
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria,  
26 Mei 1970.

T.A.D. 8/2/513

## TENDERS

*L.W.*—Tenders wat voorheen gepubliseer is en waarvan die sluitingsdatum nog nie verstreke is nie, word nie in hierdie kennisgewing herhaal nie. Tenders word normaalweg 3-5 weke voor die sluitingsdatum gepubliseer.

TRANSVAALSE PROVINSIALE  
ADMINISTRASIE.

## TENDERS.

Tenders vir die volgende dienste/voorrade/verkope word ingewag. (Tensy dit in die uiteensetting anders aangegee word, word tenders vir voorrade bedoel):—



**IMPORTANT NOTES**

1. The relative tender documents including the Administration's official tender forms, are obtainable on application from the relative address indicated below. Such documents and any tender/contract conditions not embodied in the tender documents are also available for inspection at the said addresses:

Tender Ref.	Postal address, Pretoria	Office in New Provincial Building Pretoria			
		Room No.	Block	Floor	Phone No. Pretoria
HA 1	Director of Hospital Services, Private Bag 221	A739	A	7	89251
HA 2	Director of Hospital Services, Private Bag 221	A739	A	7	89260
HB	Director of Hospital Services, Private Bag 221	A723	A	7	89202
HC	Director of Hospital Services, Private Bag 221	A728	A	7	89206
HD	Director of Hospital Services, Private Bag 221	A742	A	7	89208
PFT	Provincial Secretary (Purchases and Supplies), Private Bag 64	A1119	A	11	80924
RFT	Director, Transvaal Roads Department, Private Bag 197	D518	D	5	89184
TED	Director, Transvaal Education Department, Private Bag 76	A549	A	5	80651
WFT	Director, Transvaal Department of Works, Private Bag 228	C111	C	1	80675
WFTB	Director, Transvaal Department of Works, Private Bag 228	C219	C	M	80306

2. The Administration is not bound to accept the lowest or any tender and reserves the right to accept a portion of a tender.

3. In the case of each W.F.T.E. tender the tenderer must pay a deposit of R4 before he will be supplied with the tender documents. Such deposit must be in the form of cash, a bank initialed cheque, or a departmental standing deposit receipt (R10). The said deposit will be refunded if a bona fide tender is received from the tenderer or if the tender documents including plans, specifications and bills of quantities are returned by the tenderer within 14 days after the closing date of the tender to the relative address shown in note 1 above.

4. All tenders must be submitted on the Administrator's official tender forms.

5. Each tender must be submitted in a separate sealed envelope addressed to the Chairman, Transvaal Provincial Tender Board, P.O. Box 1040, Pretoria, and must be clearly super-scribed to show the tender's name and address, as well as the number, description and closing date of the tender. Tendere must be in the hands of the Chairman by 11 a.m. on the closing date indicated above.

6. If tenders are delivered by hand, they must be deposited in the Formal Tender Box at the Enquiry Office in the foyer of the New Provincial Building, at the Pretorius Street main entrance (near Bosman Street corner), Pretoria, by 11 a.m. on the closing date.

C. W. GRUNOW, Chairman, Transvaal Provincial Tender Board, Pretoria, 6 May, 1970.

**BELANGRIKE OPMERKINGS**

1. Die betrokke tenderdokumente, met inbegrip van die amptelike tendervorms van die Administrasie, is op aanvraag by die onderstaande adresse verkrygbaar. Sodanige dokumente asmede enige tender/kontrakvoorwaardes wat nie in die tenderdokumente opgeneem is nie, is ook by die genoemde adresse vir inspeksie verkrygbaar:—

Tender verwy-sing	Posadres te Pretoria	Kantoor in Nuwe Provinsiale Gebou, Pretoria			
		Kamer-no.	Blok	Verdie-ping	Tele-foonno. Pretoria
HA 1	Direkteur van Hospitaaldiens-te, Privaatsak 221	A739	A	7	89251
HA 2	Direkteur van Hospitaaldiens-te, Privaatsak 221	A739	A	7	89260
HB	Direkteur van Hospitaaldiens-te, Privaatsak 221	A723	A	7	89202
HC	Direkteur van Hospitaaldiens-te, Privaatsak 221	A728	A	7	89206
HD	Direkteur van Hospitaaldiens-te, Privaatsak 221	A742	A	7	89208
PFT	Provinsiale Sekre-taris (Aankope en Voorrade), Privaatsak 64	A1119	A	11	80924
RFT	Direkteur, Trans-vaalse Paai-departement, Privaatsak 197	D518	D	5	89184
TOD	Direkteur, Trans-vaalse Onder-wysdeparte-ment, Privaat-sak 76	A549	A	5	80651
WFT	Direkteur, Trans-vaalse Werke-departement, Privaatsak 228	C111	C	1	80675
WFTB	Direkteur, Trans-vaalse Werke-departement, Privaatsak 228	C219	C	M	80306

2. Die Administrasie is nie daartoe verplig om die laagste of enige tender aan te neem nie en behou hom die reg voor om 'n gedeelte van 'n tender aan te neem.

3. In die geval van 'edere W.F.T.B.-tender, moet die tenderaar 'n deposito van R4 stort alvorens hy van die tenderdoku-mente voorsien sal word. Sodanige deposito moet in kontant-geld wees, 'n tjek deur die bank geparafeer of 'n departemen-tele legorderkwitansie (R10). Genoemde depositobedrag sal te-rugbetaal word as 'n bona fide-inskrywing van die tenderaar ontvang word of as die tenderdokumente, met inbegrip van planne, spesifikasies en hoeveelhedslyste, binne 14 dae na die sluitingsdatum van die tenderaar teruggestuur word na die be-trokke adres in opmerking 1 hierbo aangetoon.

4. Alle tenders moet op die amptelike tendervorms van die Administrasie voorgelê word.

5. Iedere inskrywing moet in 'n afsonderlike verseëlde koe-vert ingedien word, geadresseer aan die Voorsitter, Die Trans-vaalse Provinsiale Tenderraad, Posbus 1040, Pretoria, en moet duidelik van die opskrif voorsien wees ten einde die tenderaar se naam en adres aan te toon asook die nommer, beskrywing en sluitingsdatum van die tender. Insrywings moet teen 11 vm. op die sluitingsdatum hierbo aangetoon, in die Voorsitter se hande wees.

6. Indien insrywings per hand ingedien word, moet hulle teen 11 vm. op die sluitingsdatum in die Formele Tenderbus geplaas wees by die navraagkantoor in die voorportaal van die nuwe Provinsiale Gebou by die hoofingang aan Pretoriusstraat se kant (naby die hoek van Bosmanstraat), Pretoria.  
C. W. GRUNOW, Voorsitter, Transvaalse Provinsiale Tender-raad, Pretoria, 6 Mei 1970.

## Pound Sales

Unless previously released, the animals described hereunder will be sold as indicated.

Persons desiring to make inquiries respecting the animals described hereunder, in the case of animals in municipal pounds, should address the Town Clerk; for those in district pounds, the Magistrate of the district concerned.

PRETORIA Municipal Pound on 18th June, 1970, at 11 a.m. at the Hercules Pound. Horse, mare, 3 years, black, rear hind white to fetlock.

ROODEPOORT Municipal Pound, on 13th June, 1970, at 10 a.m. Mule, gelding, dark brown, 6 years.

RUSTENBURG Municipal Pound, on 17th June, 1970, at 2 p.m. Cow, red, 6 years, branded RQI on left buttock, left ear cropped. Heifer, red, 2 years, no brandmarks or other marks. Ox, 2 years, no brandmarks or other marks. Cow, red, 5 years, branded R.M.6. on left buttock,

both ears cropped. Ox, red, 5 years, brandmarks indistinct, right ear cropped, left ear crescent. Ox, red, 6 years, brandmarks indistinct, left ear crescent. Cow, red, 4 years, branded R.5.S. on left buttock, right ear slit.

STERKSTROOM Pound, District of Lydenburg, on 17th June, 1970, at 11 a.m. Cow, Africander, red, 7 years, branded 6DJ on left buttock, right ear square cut in the front, left ear crescent in the front and at the back.

WELTEVREDE Pound, District Bethal, on 1st July, 1970, at 11 a.m. Horse, gelding, 5 years, dark brown, no brandmarks or other marks.

## Skutverkopings

Tensy voor die tyd gelos, sal die diere hieronder beskryf, verkoop word soos aangedui.

Persones wat navraag wens te doen aangaande die hieronder omskrewe diere moet in die geval van diere in munisipale skutte, die Stadsklerk nader, en wat diere in distrikskutte betref, die betrokke Landdros.

PRETORIA Munisipale Skut op 18 Junie 1970, om 11 vm. by die Herculeskut. Perd, merrie, swart, 3 jaar, linker-agter wit tot kootgewrig.

ROODEPOORT Munisipale Skut op 13 Junie 1970, om 10 vm. Muil, reün, donkerbruin, 6 jaar.

RUSTENBURG Munisipale Skut op 17 Junie 1970, om 2 nm. Koei, rooi, 6 jaar, gebrand RQI op linkerboud, linkeroor stomp. Vers, rooi, 2 jaar, geen brand- of oormerke nie. Os, 2 jaar, geen brand- of oormerke nie. Koei, rooi, 5 jaar, gebrand R.M. 6. op linkerboud, albei ore stomp. Os, rooi, 5 jaar, brandmerk onduidelik, regteroor stomp, linkeroor halfmaan. Os, rooi, 6 jaar, brandmerk onduidelik, linkeroor halfmaan. Koei, rooi, 4 jaar, gebrand R.5.S. op linkerboud, regteroor slip.

STERKSTROOMSKUT, Distrik Lydenburg op 24 Junie 1970, om 11 vm. Koei, Afrikaner, rooi, 7 jaar, gebrand 6DJ op linkerboud, regteroor winkelhaak van voor, linkeroor halfmaan van voor en agter.

WELTEVREDENSKUT Distrik Bethal op 1 Julie 1970, om 11 vm. Perd, reün, 5 jaar, donkerbruin, geen brandmerke of ander merke nie.

# Notices By Local Authorities Plaaslike Bestuurskennisgewings

### CITY OF JOHANNESBURG

#### PROPOSED AMENDMENT TO JOHANNESBURG TOWN PLANNING SCHEME NO. 1 (AMENDMENT SCHEME 1/440.)

The City Council of Johannesburg has prepared a draft amendment town planning scheme to be known as Amendment Town Planning Scheme No. 1/440.

This draft scheme contains the following proposal: To rezone Stands 1234 - 1237 and 1240 - 1243 being 70 to 76 Third Street and 69 - 75 Fourth Street, Albertskroon, from "Special Residential" to "General Residential" at a bulk of 0.6 subject to certain conditions.

The owner of these Stands is Mr. G. Levenderis, P.O. Box 5000, Johannesburg.

Particulars of this Scheme are open for inspection at Room 423, Municipal Offices, Johannesburg, for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice, which is the 27th May 1970.

The Council will consider whether or not the scheme should be adopted.

Any owner or occupier of immovable property within one mile of the boundary thereof, has the right to object to the Scheme or to make representations in respect thereof, and if he wishes to do so, he shall within four weeks of the first publication of this notice, which is the 27th May 1970, inform the local authority, in writing, of such objection or representation and shall state whether or not he wishes to be heard by the local authority.

S. D. MARSHALL,  
Clerk of the Council.

Municipal Offices,  
Johannesburg.  
27th May, 1970.

### STAD JOHANNESBURG

#### VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE JOHANNESBURGSE DORPSAANLEGSKEMA NO. 1 (WYSIGINGSKEMA NO. 1/440)

Die Stadsraad van Johannesburg het 'n ontwerp wysigingsdorpsaanlegskema opgestel wat as Wysigingsdorpsbeplanningskema no. 1/440 bekend sal staan.

Hierdie ontwerp skema bevat die volgende voorstel: Die indeling van standplase no. 1234 - 1237 en 1240 - 1243, naamlik Derde Straat 70 tot 76 en Vierde Straat 69 tot 75, Albertskroon, word op sekere voorwaardes van „spesiale woondoeleindes" na „algemene woondoeleindes" met 'n omvang van 0.6 verander.

Mnr. G. Levenderis, posbus 5000, Johannesburg, is die eienaar van hierdie standplaas.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae in kamer 423, Stadhuis, Johannesburg, vir 'n tydperk van vier weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing af, naamlik 27 Mei 1970.

Die Raad sal die skema oorweeg en besluit of dit aangeneem moet word.

Enige eienaar of okkupeerder van vaste eiendom binne een myl van die grense daarvan het die reg om teen die skema beswaar te maak, of om verhoë ten opsigte daarvan te rig, en indien hy dit wil doen, moet hy die Plaaslike Bestuur binne vier weke van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 27 Mei 1970 skrif telik van sodanige beswaar of verhoë in kennis stel en vermeld of hy deur die Plaaslike Bestuur gehoor wil word of nie.

S. D. MARSHALL,  
Klerk van die Raad.

Stadhuis,  
Johannesburg.  
27 Mei 1970.

### TOWN COUNCIL OF BOKSBURG

#### PROPOSED AMENDMENTS TO BOKSBURG TOWN PLANNING SCHEME No. 1 (AMENDMENT SCHEMES Nos. 1/64; 1/65; 1/66 and 1/71).

The Town Council of Boksburg has prepared draft amendment Town Planning Schemes to be known as Amendment Town Planning Schemes Nos. 1/64; 1/65; 1/66; and 1/71.

These draft schemes contain the following proposals:

Amendment Scheme No. 1/64: For the rezoning of Erf No. 32, Boksburg West Township, from "Educational" to "Special Residential" to permit the use of the land for the erection of dwelling houses.

Amendment Scheme No. 1/65: For the rezoning of Holding No. 124, Ravenswood Agricultural Holdings from "Agricultural Purposes" to "Special (Transport Business)", subject to certain conditions.

Amendment Scheme No. 1/66: For the rezoning of Holding No. 55, Bartlett Agricultural Holdings, Extension No. 1 from "Agricultural Purposes" to "Special (Caravan Park)", to permit the use of the land for the establishment of a Caravan Park.

Amendment Scheme No. 1/71: For the rezoning of Erf 142, Witfield Township, from "Special Residential" to "General Residential", to permit the use of the property for the erection of flats.

Particulars of these schemes are open for inspection at Room No. 7, First Floor, Municipal Offices, Boksburg, for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice, which is the 27th May, 1970.

The Council will consider whether or not these schemes should be adopted.

Any owner or occupier of immovable property within the area of the amendment town planning schemes or within one mile of the boundary in respect thereof has the right to object to the schemes or to make representations in respect thereof and if he wishes to do so, he shall within four weeks of the first publication of this notice, which is the 27th May, 1970, inform the Town Council of Boksburg in writing, of such objection or representations and shall state whether or not he wishes to be heard by the said Council.

P. RUDO NELL,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
Boksburg.  
27th May, 1970.  
No. 47.

**STADSRAAD VAN BOKSBURG.**

**VOORGESTELDE WYSIGING VAN BOKSBURGSE DORPSAANLEGSKEMA Nr. 1 (WYSIGINGSKEMAS Nrs. 1/64; 1/65; 1/66 EN 1/71).**

Die Stadsraad van Boksburg het konsepswysigingskemas van die Dorpsaanlegskema wat as Wysigingskemas Nrs. 1/64; 1/65; 1/66 en 1/71 bekend sal staan, opgestel.

Die konsepskemas bevat die volgende voorstelle:-

Wysigende Skema Nr. 1/64: Vir die herindelings van Erf Nr. 32, Boksburg-Wes van „Onderwysdoeleindes” na „Spesiale Woondoeleindes” sodat die grond vir die oprigting van woonhuise gebruik kan word.

Wysigende Skema Nr. 1/65: Vir die herindelings van Hoewe 124, Ravenswood Landbouhoeves van „Landboudoeleindes” na „Spesiaal (Vervoer Besigheid)”, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Wysigende Skema Nr. 1/66: Vir die herindelings van Hoewe 55, Bartlett Landbouhoeves (Uitbreiding Nr. 1) van „Landbou Doeleindes” na „Spesiaal (Karavaanpark)” sodat die grond gebruik kan word vir die oprigting van 'n Karavaanpark.

Wysigende Skema Nr. 1/71: Vir die herindelings van Erf 142, Witfield, van „Spesiale Woondoeleindes” na „Algemene Woondoeleindes” sodat die eiendom gebruik kan word vir die oprigting van woonstelle.

Besonderhede van hierdie skema lê vier weke lank met ingang van die datum waarop hierdie kennisgewing die eerste keer verskyn, naamlik 27 Mei 1970 in kamer No. 7, Eerste Verdieping, Stadhuis, Boksburg ter insae.

Die Stadsraad sal dit oorweeg of die skema aanvaar moet word of nie.

Enige eienaar of bewoner van vaste eiendom wat gelê is binne die gebied waarop die wysigingskema van die Dorpsaanlegskema van toepassing is, of wat binne 'n afstand van een myl van die grens daarvan gelê is, kan teen die skema beswaar opper, of indien hy dit verlang, verhoog rig en indien hy dit wil doen, moet hy binne vier weke van die datum af waarop hierdie kennisgewing die eerste keer verskyn naamlik 27 Mei 1970, die Stadsraad van Boks-

burg skriftelik van sy beswaar of verhoog verwillig, en meld of hy deur die genoemde Stadsraad te woord gestaan wil word of nie.

P. RUDO NELL,  
Stadsklerk.

Stadhuis,  
Boksburg.  
27 Mei 1970.  
Nr. 47.

288—27—3

**MUNICIPALITY OF MEYERTON.  
PROCLAMATION OF ROADS.**

Notice is hereby given in terms of the Local Authorities Road Ordinance No. 44 of 1904, as amended by Ordinance No. 8 of 1930, that the Town Council of Meyerton has petitioned His Honourable the Administrator of the Transvaal to proclaim as public roads, the roads described in the schedule hereunder.

A copy of the petition and of General Plan S.G. No. A470/36 attached thereto, can be inspected at the office of the Town Clerk, Municipal Offices, Meyerton during normal office hours.

Any person interested, desiring to lodge any objection to the proclamation of the roads referred to must lodge such objection in writing in duplicate, with the Administrator of the Transvaal, and the Town Clerk, Meyerton within one month from the 10th June, 1970.

**SCHEDULE.**

**TOWNSHIP RIVERSDALE.**

R.E. of Erf No.:	Area:	Plan No.:
7	52722.90 sq. ft.	S.G. No. A470/36
9	140635.40 sq. ft.	S.G. No. A470/36
26	52722.90 sq. ft.	S.G. No. A470/36
28	70305.40 sq. ft.	S.G. No. A470/36
37	52160.40 sq. ft.	S.G. No. A470/36
38	140073.90 sq. ft.	S.G. No. A470/36
39	52160.40 sq. ft.	S.G. No. A470/36
40	66515.10 sq. ft.	S.G. No. A470/36
166	108285.60 sq. ft.	S.G. No. A470/36
167	28511.10 sq. ft.	S.G. No. A470/36
168	28511.10 sq. ft.	S.G. No. A470/36
54	87048.00 sq. ft.	S.G. No. A470/36
245	146405.70 sq. ft.	S.G. No. A470/36
41	47365.50 sq. ft.	S.G. No. A470/36

P. J. VENTER,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
P.O. Box 9,  
Meyerton.  
27th May, 1970.  
Notice No. 18/5/70.

**MUNISIPALITEIT MEYERTON  
PROKLAMERING VAN PAAIE.**

Ingevolge die bepalings van die Plaaslike Bestuurs-Paaië Ordonnansie No. 44 van 1904, soos gewysig deur Ordonnansie Nr. 8 van 1930, word hiermee bekend gemaak dat die Stadsraad van Meyerton Sy Edele die Administrateur van Transvaal versoek het, die paaië wat in die skedule hiertoe beskryf word, as publieke paaië te proklameer.

'n Afskrif van die versoekskrif en van Algemene Plan S.G. Nr. A470/36 wat daarby aangeheg is, kan gedurende gewone kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk, Munisipale Kantore, Meyerton besigtig word.

Enige belanghebbende persoon wat wens om beswaar teen die proklamasie van die paaië waarna verwys word, in te dien, moet sodanige beswaar skriftelik in tweevoud by die Administrateur van Transvaal en by die Stadsklerk, Meyerton inhandig, binne een maand vanaf 10 Junie 1970.

**SKEDULE**

**DORPSGEBIED RIVERSDALE.**

Res. Gedeelte van Erf:	Grootte:	Plan Nr.:
7	52722.90 vk. vt.	SG. Nr. A470/36
9	140635.40 vk. vt.	SG. Nr. A470/36
26	52722.90 vk. vt.	SG. Nr. A470/36
28	70305.40 vk. vt.	SG. Nr. A470/36
37	52160.40 vk. vt.	SG. Nr. A470/36
38	140073.90 vk. vt.	SG. Nr. A470/36
39	52160.40 vk. vt.	SG. Nr. A470/36
40	66515.10 vk. vt.	SG. Nr. A470/36
166	108285.60 vk. vt.	SG. Nr. A470/36
167	28511.10 vk. vt.	SG. Nr. A470/36
168	28511.10 vk. vt.	SG. Nr. A470/36
54	87048.00 vk. vt.	SG. Nr. A470/36
245	146405.70 vk. vt.	SG. Nr. A470/36
41	47365.50 vk. vt.	SG. Nr. A470/36

P. J. VENTER,  
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,  
Posbus 9,  
Meyerton.  
27 Mei 1970.

Kennisgewing Nr. 18/5/70.

290—27—3—10

**VILLAGE COUNCIL OF GREYLINGSTAD.**

**LEASE OF LAND**

Notice is hereby given in terms of section 79(18) of the Local Government Ordinance No. 17 of 1939, as amended that the Village Council of Greylingstad intends, subject to the approval of the Administrator, to lease a portion of Erf 389 to the Firm Slabbert, Verster and Malherbe, to be used as sale pens, for a period of 5 (five) years.

Particulars of the proposed lease of Erf 389 are open for inspection during normal office hours for a period of 1 (one) month from the date of this publication.

Any person wishing to object against the intention of the Village Council to exercise its powers as indicated above, must lodge such objection in writing with the undersigned not later than 3rd July, 1970.

J. T. POTGIETER,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
Greylingstad.  
3rd June, 1970.

**DORPSRAAD VAN GREYLINGSTAD**  
**VERHUUR VAN GROND**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 79(18) van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie No. 17 van 1939, soos gewysig dat die Dorpsraad van Greylingstad van voorneme is om, onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur sekere gedeelte van Erf 389 aan die Firma Slabbert, Verster en Malherbe vir 'n tydperk van 5 jaar te verhuur vir gebruik as vendusie-krale.

Besonderhede met betrekking tot die voorgenome verhuur van Erf 389, sal gedurende gewone kantoorure ter insae lê vir 1 (een) maand vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

Enige persoon wat wil beswaar aanteken teen die Raad se voorneme om sy magte, soos hierbo uiteengesit, uit te oefen, moet sodanige beswaar skriftelik by die ondergetekende indien nie later dan 3 Julie 1970.

J. T. POTGIETER,  
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,  
Greylingstad,  
3 Junie 1970.

301—3—10—17.

**VILLAGE COUNCIL OF SABIE**

**TRIENNIAL VALUATION ROLL 1970/73**

Notice is hereby given, in terms of Section 12 of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, that the Triennial Valuation Roll of rateable property within the Municipal Area of Sabie has now been prepared and that it will lie open for inspection at the office of the undersigned during normal office hours until 12 noon, on 22nd June, 1970.

All interested parties are hereby called upon to lodge their objections, if any, against the valuation of any property in the Valuation Roll or in respect of the omission therefrom of property alleged to be rateable, whether held by the objector or by others, or in respect of any other error, omission or misdescription, on the prescribed form obtainable from the undersigned before the abovementioned date.

No person will be entitled to urge an objection before the Valuation Court unless he shall first have lodged a notice of objection as aforesaid.

G. J. VORSTER,  
Town Clerk.

Municipal Office,  
P.O. Box 61,  
Sabie,  
3rd June, 1970.  
Notice No. 5-W1/7.

**DORPSRAAD VAN SABIE**

**DRIEJAARLIKSE WAARDASIEROL**  
**1970/73**

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge Artikel 12 van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, dat 'n Driejaarlikse Waardasierol van belastbare eiendomme binne die Munisipale gebied van Sabie nou opgestel is en gedurende gewone kantoorure in die kantoor van die ondergetekende ter insae sal lê tot om 12-uur middag, 22 Junie 1970.

Alle belanghebbendes word versoek om besware, indien enige, teen die waardasie van eiendomme in die Waardasierol of ten opsigte van die weglating daaruit van eien-

domme wat na bewering belasbaar is, hetsy dit aan die beswaarmaker of aan iemand anders behoort, of ten opsigte van enige ander fout, onvolledig of verkeerde omskrywing op die voorgeskrewe vorms wat by ondergetekende verkrygbaar is, in te dien voor of op bogenoemde datum.

Geen persone sal geregtig wees om enige besware voor die Waardasierol te opper nie tensy hy sodanige besware op die voorgeskrewe wyse ingedien het.

G. J. VORSTER,  
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,  
Posbus 61,  
Sabie.  
3de Junie 1970.  
Kennisgewing No. 5-W1/7.

302—3.

**TOWN COUNCIL OF CAROLINA**  
**ADOPTION/AMENDMENT OF BY-LAWS.**

Notice is hereby given in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council proposes to adopt or amend the following by-laws:—

- (a) Standard by-laws regulating the safe guarding of Swimming pools and Excavations — Adoption.
- (b) Water Supply by-laws—Amendment of tariffs in order to change over to the metric system.
- (c) Sanitary and Refuse Removals Tariff—Amendment of tariffs in order to change over to the metric system.

Copies of the proposed By-laws/Amendments are open for inspection at the Municipal Offices, Carolina, for a period of 21 days from date of publication hereof.

P. W. DE BRUIN,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
Carolina,  
3rd June, 1970

**STADSRAAD VAN CAROLINA.**

**AANNAME/WYSIGING VAN VERORDENINGE.**

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van voorneme is om die volgende Verordeninge aan te neem of te wysig:—

- (a) Standaardverordeninge waarby die beveiliging van swembaddens en uitgrawings gereguleer word — Aanname.
- (b) Watervoorsieningsverordeninge — wysiging teneinde die tariewe na die metrieke stelsel oor te skakel.
- (c) Sanitêre en Vullisverwyderingstarief — wysiging teneinde die tariewe na die metrieke stelsel oor te skakel.

Afskrifte van die voorgestelde verordeninge/wysigings lê ter insae by die Munisipale Kantore, Carolina, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan.

P. W. DE BRUIN,  
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,  
Carolina,  
3de Junie 1970.

303—3.

**TOWN COUNCIL OF WOLMARANSSTAD.**

**PROPOSED AMENDMENT OF BY-LAWS.**

Notice is hereby given, in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council of Wolmaransstad to amend the following by-laws:

- (a) In order to provide for the metrication of all tariffs:
  - (i) Water Supply By-laws.
  - (ii) Sewerage Systems and Vacuum Tank Removals By-laws.
  - (iii) Building Regulations.
- (b) To determine the number of live-stock by resolution:
  - (i) Grazing By-laws.

Copies of the proposed amendments will lie open for inspection at the office of the undersigned during office hours for a period of twenty-one days from date of publication hereof.

H. O. SCHREUDER,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
Wolmaransstad.

**STADSRAAD VAN WOLMARANSSTAD.**

**VOORGESTELDE WYSIGING VAN VERORDENINGE.**

Kennis word hiermee gegee, kragtens artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat dit die voorneme van die Stadsraad van Wolmaransstad is om die volgende verordeninge te wysig:—

- (a) Ten einde voorsiening te maak vir die metrisering van alle tariewe:
  - (i) Watervoorsieningsverordeninge.
  - (ii) Bouverordeninge.
  - (iii) Verordeninge op Rioleringsstelsels en Vakuumentk verwyderings.
- (b) Om die aantal vee te bepaal by Raadsbesluit:
  - (i) Verordeninge op Weiding.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings sal gedurende kantoorure, vir 'n tydperk van een-en-twintig dae vanaf datum van publikasie hiervan, ter insae lê, in die kantoor van ondergetekende.

H. O. SCHREUDER,  
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,  
Wolmaransstad.

304—3.

**CITY OF JOHANNESBURG.**

**AMENDMENT OF THE TRAFFIC BY-LAWS.**

It is hereby notified in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the City Council of Johannesburg proposes further to amend its Traffic By-laws promulgated under Administrator's Notice No. 281 of 27th June, 1934, as amended, to provide for cruising taxis, to regulate the use of public vehicle stands and the hire of public vehicles, to provide for the duties of drivers and persons in charge of public vehicles and to make provision for matters incidental to the foregoing.

Copies of the amendment are open for inspection at Room 302, Municipal Offices, for 21 days from the date of publication of this notice and any person wishing to

do so may, during that period, lodge with me an objection to the proposed amendment.

A. P. BURGER,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
Johannesburg,  
3rd June, 1970.

STAD JOHANNESBURG.

WYSIGING VAN DIE VERKEERSVERORDENINGE.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, bekend gemaak dat die Stadsraad van Johannesburg voornemens is om sy Verkeersverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 281 van 27 Junie 1934, soos gewysig, verder te wysig ten einde vir soek-ry-taxi's voorsiening te maak, die gebruik van standplase vir publieke voertuie en die huur van publieke voertuie te reguleer, en vir pligte van drywers en persone in beheer van publieke voertuie voorsiening te maak, asook vir aangeleenthede wat met voorgenoemde in verband staan.

Afskrifte van die wysiging lê 21 dae lank vanaf die datum van hierdie kennisgewing in kamer 301, Stadhuis, ter insae, en enigiemand wat teen die voorgestelde wysiging beswaar wil opper, moet sy beswaar gedurende dié tydperk skriftelik by my indien.

A. P. BURGER,  
Stadsklerk.

Stadhuis,  
Johannesburg,  
3 Junie 1970.

304—3

SCHWEIZER RENEKE MUNICIPALITY  
STANDARD BY-LAWS REGULATING  
THE SAFEGUARDING OF SWIMMING  
POOLS AND EXCAVATIONS.

Notice is hereby given in terms of section 96(bis) of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the Town Council proposes to adopt the standard by-laws regulating the safeguarding of swimming pools and excavations promulgated under Administrator's Notice No. 423 dated 22nd April, 1970.

Copies of the proposed by-laws are open for inspection at the municipal offices during normal office hours, for a period of 21 days from the date of publication hereof, namely 3rd June, 1970.

P. J. B. DU PREEZ,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
Schweizer Reneke,  
3rd June, 1970.  
Notice No. 6/70.

SCHWEIZER RENEKE MUNISIPALITEIT.

STANDAARDVERORDENINGE WAARBY DIE BEVEILIGING VAN SWEMBADDENS EN UITGRAWING GEREGULEER WORD.

Kennisgewing geskied hiermee kragtens die bepalings van Artikel 96 (bis) van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie 1939, soos gewysig, dat die dorpsraad van Schweizer Reneke van voorneme is om die Standaardverordeninge waarby die beveiliging van swembaddens en uitgrawings gereguleer word, soos afgekondig deur Administra-

teurskennisgewing No. 423 van 22 April 1970, op die Dorpsraad van toepassing te maak.

Afskrifte van die voorgestelde verordeninge sal gedurende kantoorure by die munisipalekantore ter insae lê vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan, naamlik 3 Junie 1970.

P. J. B. DU PREEZ,  
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,  
Schweizer Reneke,  
3de Junie 1970.  
Kennisgewing No. 6/70.

316—3

CITY OF JOHANNESBURG.  
AMENDMENT OF THE BUILDING  
AND CINEMATOGRAPH BY-LAWS

It is hereby notified, in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the City Council of Johannesburg proposes further to amend its Building and Cinematograph By-laws promulgated under Administrator's Notice No. 455 of the 29th September 1941, as amended, to provide for the safety measures to be observed when excavations are undertaken and also to provide for supervision and control over excavations by the Council.

Copies of the amendment are open for inspection at Room 302, Municipal Offices, for 21 days from the date of publication of this notice and any person wishing to do so may, during that period, lodge with me an objection in writing to the proposed amendment.

A. P. BURGER,  
Town Clerk.

Municipal Offices,  
Johannesburg,  
3rd June, 1970.

STAD JOHANNESBURG.

WYSIGING VAN DIE BOU- EN KINEMATOGRAAFVERORDENINGE.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, bekend gemaak dat die Stadsraad van Johannesburg voornemens is of sy Bou- en Kinematograafverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing no. 455 van 29 September 1941, soos gewysig, verder te wysig sodat daar voorsiening gemaak word vir veiligheidsmaatreëls wat getref moet word wanneer uitgrawingswerk verrig word, asook vir toesig en beheer oor uitgrawingswerk deur die Raad.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging lê 21 dae lank vanaf die datum van hierdie kennisgewing in kamer 302, Stadhuis, ter insae, en enigiemand wat beswaar teen die voorgestelde wysiging wil opper, moet sy beswaar gedurende die tydperk skriftelik by my indien.

A. P. BURGER,  
Stadsklerk.

Stadhuis,  
Johannesburg,  
3 Junie 1970.

315—3

TOWN COUNCIL OF POTCHEFSTROOM.

PROPOSED PERMANENT CLOSING OF A PARK SITUATED ON ERF NO. 1734, POTCHEFSTROOM EXTENSION NO 10.

Notice is hereby given in terms of the provisions of sections 67 and 68 of the Lo-

cal Government Ordinance No. 17 of 1939 (as amended), that the Town Council has resolved to close permanently the park situated on erf 1734, Potchefstroom Extension No. 10.

A plan indicating the location of the relevant park, will lie for inspection during office hours at the office of the undersigned for a period of sixty (60) days as from the 3rd of June, 1970.

Any person who wishes to object against the proposed closing of the park, must lodge such objections in writing with the undersigned not later than the 3rd August, 1970.

By order of the Council,

S. H. OLIVIER,  
Town Clerk.

STADSRAAD VAVN POTCHEFSTROOM

VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING VAN PARK GELEË OP ERF NR. 1734, POTCHEFSTROOM, UITBREIDING NR. 10.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikels 67 en 68 van die Plaaslike Bestuursordonnansie No. 17 van 1939 (soos gewysig), dat die Stadsraad van Potchefstroom besluit het om die park geleë op erf 1734, Potchefstroom Uitbreiding No. 10, permanent te sluit.

'n Plan wat die ligging van die betrokke park aandui, sal gedurende kantoorure ter insae lê by die kantoor van die ondergetekende vir 'n tydperk van sestig (60) dae vanaf die 3de Junie 1970.

Enige persoon wat beswaar wens te maak teen die voorgestelde sluiting van die betrokke park, moet sodanige beswaar skriftelik indien by die kantoor van die ondergetekende voor of op 3 Augustus 1970.

Op las van die Raad,  
S. H. OLIVIER,  
Stadsklerk.  
311—3

CITY OF JOHANNESBURG

PROPOSED AMENDMENT TO JOHANNESBURG TOWN PLANNING SCHEME NOS. 1 AND 2, AND NORTHERN JOHANNESBURG REGION TOWN PLANNING SCHEME.

(AMENDMENT SCHEME NO. 1/430.)  
(AMENDMENT SCHEME NO. 2/61.)  
(AMENDMENT SCHEME NO. 249.)

The City Council of Johannesburg has prepared draft amendment town planning schemes to be known as Amendment Town Planning Schemes No. 1/430, No. 2/61 and No. 249.

The draft schemes contain the following proposal:—

To amend Clauses 23 and 21 of the Johannesburg Town Planning Schemes Nos. 1 and 2 respectively, and Clause 24 of the Northern Johannesburg Region Town Planning Scheme by the addition of the following proviso:—

„No building shall exceed a height of 1950.7m (6 400 Eng. ft.) above mean sea level unless otherwise agreed to in writing by the Postmaster General and consented to by the Council.”

Particulars of this Scheme are open for inspection at Room 423, Municipal Offices, Johannesburg, for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice, which is the 3rd June 1970.

The Council will consider whether or not the Scheme should be adopted.

Any owner of occupier of immovable

property within the Municipal Area has the right to object to the scheme or to make representations in respect thereof, and if he wishes to do so, he shall within four weeks of the first publication of this notice, which is the 3rd June 1970 inform the local authority, in writing, of such objection or representation and shall state whether or not he wishes to be heard by the local authority.

S. D. MARSHALL,  
Clerk of the Council.

Municipal Offices,  
Johannesburg.  
3 June, 1970.

#### STAD JOHANNESBURG.

#### VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE JOHANNESBURGSE DORPSAANLEGSKEMAS NO. 1 EN 2 EN DIE NOORD-JOHANNESBURGSE STREEKBEPLANNINGSKEMA.

(WYSIGINGSKEMA NO. 1/430)  
(WYSIGINGSKEMA NO. 2/61)  
(WYSIGINGSKEMA NO. 249)

Die Stadsraad van Johannesburg het ontwerp-wysigingsdorpsaanlegskemas opgestel wat as Wysigingsdorpsaanlegskemas no. 1/430, no. 2/61 en no. 249 bekend sal staan. Die ontwerp-skemas bevat die volgende voorstel:

Klousule 23 en 21 onderskeidelik van die Johannesburgse Dorpsaanlegskemas no. 1 en 2 en klousule 24 van die Noord-Johannesburgse Streeksbeplanningskema word gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling daaraan toe te voeg:

„Geen gebou mag hoër gebou word as 1950.7m (6 400 Engelse voet) bo seespieël nie, tensy die Posmeester-generaal dit skriftelik goedkeur en die Stadsraad vergunning daartoe verleen”.

Besonderhede van hierdie Skema lê ter insae in kamer 423, Stadhuis, Johannesburg, vir 'n tydperk van vier weke vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 3 Junie 1970.

Die Raad sal die Skemas oorweeg en besluit of hulle aangeneem moet word.

Enige eienaar of okkupeerder van vaste eiendom binne die munisipale gebied het die reg om teen die Skemas beswaar te maak, of om vertoë ten opsigte daarvan te rig, en indien hy dit wil doen, moet hy die Plaaslike Bestuur binne vier weke vanaf die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 3 Junie 1970, skriftelik van sodanige beswaar of vertoë in kennis stel en meld of hy sy saak aan die Plaaslike Bestuur wil stel of nie.

S. D. MARSHALL,  
Klerk van die Raad.

Stadhuis,  
Johannesburg.  
3 Junie 1970.

317—3—10

#### TOWN COUNCIL OF NIGEL.

#### PERMANENT CLOSING OF STAND NO. 44 (PARK), VORSTERKROON AND THE SALE THEREOF.

In terms of section 68 and section 79(18) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, notice is hereby given that it is the intention of the Town Council of Nigel, subject to the consent of the Administrator, to close permanently stand No. 44 (Park), Vorsterkroon and to sell it to Messrs. Nigel Timber and Hardware Company Limited.

A copy of the Council's resolution and a plan showing the stand in question, will lie for inspection at the office of the Clerk of the Council during normal office hours.

